Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

15 Mei 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 15 Mei 2015 vir koringlewering in Mei was R3 832 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (15/05/2015) R/mt					Week eindig R/mt 08/05/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 16/05/2014	% Verandering
Kommoditeit	*Mei-15*	*Jun-15*	*Jul-15*	*Sep-15*	*Des-15*	*Mei-15*	*Mei-14*	*Mei-14 tot Mei-15*
Koring (RFTN)	3832	-	3846	3845	3810	3819	3959	-3%
Geelmielies	2403	2396	2424	2453	2497	2370	2050	17%
Witmielies	2787	2770	2817	2851	2904	2681	2020	38%
Sonneblom	4920	4945	5019	5100	5185	4840	4610	7%
Sojabone 50ton	4660	4690	4725	4795	4881	4807	5425	-14%
Sorghum	2600	-	2580	2587	-	2600	2580	1%

***Bron: SAFEX,* 2014 & 2015**

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Mei het die week op R3 832 per ton gesluit, R13 per ton hoër as vir vorige week en R127 per ton laer as die vergelykende verhandelingsdag in 2014.

In groot dele van die Wes-Kaap is die situasie steeds nie baie gunstig vir wintergraan aanplantings nie. Dringende reën word voor die einde van Mei benodig. Alhoewel planttyd nog nie verby is nie, is dit wel bekend dat hoe later daar geplant word, hoe meer groeipotensiaal verlore gaan (*Landbouweekblad*, 2015). Volgens Andries Theron van *Graan SA* en 'n produsent in die Wes-Kaap: "*We started planting in dry soil. Usually, our rainy season would start in the middle of April, but it didn't. We've got a hectic season on hand*" tydens *NAMPO* die afgelope week (*Bloomberg,* 2015). Aangesien die Vrystaat normaalweg na die Wes-Kaap plant, hoop die mark dat hul situasie en aanplantings die nasionale syfers gunstig sal wees. Aangesien Suid-Afrika

reeds vir 'n aantal jare meer as 50% van die nasionale koringbehoefte invoer, is die plaaslike aanplanting en produksiesyfer van belang en speel in die pryse later in die seisoen.

Gedurende die week is daar 12 250 ton koring vanaf Oekraïene ingevoer. Die totale invoer van die seisoen beloop onderskeidelik 326 478 ton vanaf Rusland, 262 824 ton vanaf Duitsland en 257 921 ton vanaf Oekraïene (*SAGIS*, 2015), gesamentlik verteenwoordig invoere van die lande 66% van die totale koring invoere na Suid-Afrika. Die invoere bring die progressiewe koringinvoere vir die seisoen tot 1 275 380 ton (*SAGIS*, 2015). Verder is daar ook gedurende die week, 2-8 Mei, 5 448 ton koring na die buurlande uitgevoer, dus word die totale uitvoere vir die seisoen op 172 142 ton gereken (*SAGIS,* 2015).

Invoerpariteit van VSA koring vir lewering in Randfontein is op R4 085 per ton bereken, teenoor R3 685 per ton gelewer in Durban volgens *GraanSA* se berekeninge, bykans R12 per ton hoër as die vorige week. Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R3 756 per ton te staan gekom en R3 356 per ton vir lewering in Durban, R8 hoër as die pryse van 'n week gelede. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R4 024 per ton gereken en R3 624 per ton vir lewering in Durban, in lyn met die invoerpariteitspryse van die vorige week (*GraanSA*, 2015).

Koringlewering is uiters laag in die periode - produsente is tans besig met aanplanting (of voorbereiding vir aanplanting) van wintergewasse. Van 2-8 Mei is daar 892 ton koring deur produsente gelewer (*SAGIS*, 2015), in lyn met die vorige week se lewering, maar wel van die laagste lewerings weke die seisoen. Die *SAGIS* koringleweringssyfer vir die seisoen vanaf 27 September 2014 word op 1 688 913 ton aangedui (*SAGIS,* 2015). Die syfer verteenwoordig 96.5% van die nasionale koringoes wat op 1 750 000 miljoen ton op 7 Mei 2015 gefinaliseer is (*NOK*, 2015).

Die *Nasionale Oesskattingkomitee* (*NOK)* reken die voorneme om wintergewasse aan te plant (gebaseer op toestande soos teen mid-April 2015) op 481 300 hektaar; 1% (4 730 hektaar) hoër as die aanplantings in 2014 (*NOK*, 2015) en darem 31 000 hektaar hoër as die skatting van die *USDA* (*Agrimoney,* 2015). Daar word op verskeie maniere gepoog om koringproduksie in Suid-Afrika te bevorder; produsente poog om die gradering en die 'aanplantings reëls' aan te pas om sodoende produksie te bevorder. Volgens wat berig word was die vorige jaar se aanplantings-oppervlak die kleinste sedert 1931 (*Bloomberg*, 2015). Verder word die voornemende kanola-oppervlak op 85 000 hektaar aangedui, 10.53% laer as in 2014 (*NOK*, 2015). Die voornemende oppervlak met moutgars beplant word op 95 800 hektaar, 12.54% hoër gereken (*NOK*, 2015).



<u>Somergewasse</u>: Die 3de oesskatting vir somergewasse is aan die einde van April bekend gestel; die oesskatting het die mielie-oes op 9 762 550 ton, 'n 1% styging op die vorige skatting gedui (*NOK,* 2015). Die mielie aanplantings-oppervlak word onverandered (teenoor die vorige skatting) op 2 652 850 hektaar gelaat (*NOK,* 2015). Dit is duidelik dat mielies in die Vrystaat en Noordwes provinsies vanjaar 'n veel kleiner bydra as die vorige jaar sal maak. Die sonneblomoes word heelwat hoër gereken en die aanplantingsoppervlak van sojabone is heelwat groter as die vorige jaar, maar produksie is deur die droogte geknou.

Vroeë mielielewering moet dopgehou word om hopelike meer sekerheid oor die werklike grote van die oes te kan kry. Die eerste lewering vir die nuwe seisoen is die vorige week gemaak. Gedurende die tweede week, 2 - 8 Mei 2015, is daar aansienlik meer mielies gelewer; 75 521 ton witmielies en 139 129 ton geelmieles (*SAGIS,* 2015). Diè lewerings bring die progressiewe lewerings van die seisoen (vanaf 25 April 2015) tot 83 004 ton witmielies en 162 918 ton geelmielies (*SAGIS,* 2015). Met die stroopproses op dreef sal die tempo van lewering verder toeneem.

Die dele van die somer-graangebied wat al vir die derde jaar deur droogte geteister is, is multirisiko-**oesversekering** bykans nie meer beskikbaar nie. Daar is selfs produsente wat vanjaar se droogteskade uit eie sak moet dra aangesien hulle nie verskering vir produksie-middele kon kry nie. Vanjaar sal baie boere se verliese etlike miljoene Rande beloop. Gevolglik word daar verwag dat verskeie plase in die mark sal kom, en dus die grondprys oor die algemeen sal onderdruk.

Bron: *Landbouweekblad.* 2015

Soos reeds vroeg in die seisoen duidelik geword het, sal mielie-invoere ongetwyfeld deel uitmaak van die seisoen se voorraad. *Graan SA* se jongste vooruitskatting, gegrond op die amptelike oesskatting, dui aan dat daar 753 000 ton geelmielies vanjaar (Maart 2015 – Februarie 2016) ingevoer sal moet word (*Landbouweekblad,* 2015). Mielie-invoere het reeds afgeskop; en teen 28 April was die amptelike invoersyfer op 65 250 ton geelmielies bevestig (*SAGIS*, 2015). Daar word ook verder gespekuleer dat 'n verdere 33 000 ton geelmielies oppad is na die Kaapse hawe (*Landbouweekblad,* 2015). Die *Nasionale Landboubemarkingsraad* se *Vraag-en-Aanbodkomitee* verwag in die jongste vooruitskatting invoere van 550 000 ton (500 000 ton geelmielies en 50 000 ton witmielies) vir die jaar (Mei 2015 tot April 2016). A.g.v. die verskillende periodes waar op invoere bereken word, is dit moeilik om die geskatte invoervolumes sinvol te vergelyk.

Mielie-uitvoere vir die week 2-8 Mei 2015; 10 106 ton witmielies en 3 378 ton geelmielies na die buurlande (*SAGIS,* 2015). Die uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen van 25 April tot 16 354 ton witmielies en 6 284 ton geelmielies (*SAGIS*, 2015).

Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Mei het onderskeidelik die week op R2 403 per ton en R2 787 per ton gesluit (*SAFEX,* 2015). Die geelmielies is R33 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R106 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering in Mei was verder onderskeidelik 17% (R353 per ton) en 38% (R767 per ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag.

2. EKONOMIE & ENERGIE



Op internasionale front duur die Griekse skuldkrisis voort - die *Eurozone* voorsien tans geen addisionele hulpfonds betalinge aan Griekeland nie, maar intussen beplan Griekeland wel om €70 miljoen aan die *Internationale Monitêre Fonds (IMF)* terug te betaal (*RMB*, 2015). Internasionale ontleders is egter nie seker hoe lank Griekeland diè tipe betalinge sal kan volhou nie (*RMB*, 2015). Intussen het die Duitse regering voorgestel dat die proses bespoedig kan word indien Griekeland 'n referendum hou t.o.v. die implementering van die land se finansiële hervorming (*Reuters,* 2015).

Verder het die *Eurozone* se BBP groeikoers kwartaal-tot-kwartaal met 0.4% gegroei; die Duitse ekonomie het met minder as die teiken gegroei, terwyl Griekeland se groei vir die periode negatief is (*Reuters*, 2015).

Die *Organisation of the Petroleum Exporting Countries (OPEC)* se produksie het in April gestyg (*NRG Trading*, 2015)– hul hou dus 'n surplus in die mark ten spyte van die sterkte vraag en die feit dat produsente strategieë daarop dui om pryse te laat daal en sodoende ander produsente te beïnvloed (*FIN24*, 2015). Die olieprys het aan die einde van die

week a.g.v. die stewige Dollar gedaal, maar ook a.g.v. die reaksie op die vraag en aanbod in die mark. "*Crude oil prices continue to remain very sensitive to the US dollar movements*," (*FIN24*, 2015). Ten spyte van Vrydag se daling in die prys, het Brent ru-oliepryse die lae vlakke van vroeër die jaar teen gestaan ten tye *OPEC* weier om globale produksie te sny. Teen die einde van die week het die ru-olieprys egter so laag as $66.59 per vat verhandel (*FIN24,* 2015).

Die plaaslike petrolprys bly onverandered in Mei, maar die dieselprys het op 6 Mei 2015 met 5 sent per liter gedaal soos aangekondig deur die *Department van Energie* (*NEWS24,* 2015). Uit die *BankservAfrica Economic Transaction Index (Beti)* syfers wat die vorige week bekend gestel is, is dit duidelike dat "*there is no clear shift in economic growth rates and, apart from February, the Beti indicates that growth remains lacklustre, and just when it looked like the South African economy was picking up, it has slacked off again*". Plaaslike nuus het die week getoon dat die vervaardigingssektor in Maart met 3.3% jaar-tot-jaar gestyg het, maar ook dat daar vordering was i.v.m die "*fracking*"-regulasies en die vergunning vir onafhanklike kragvoorsieners (*RMB*, 2015). Die mynbousektor vertoon ook beter as verwag met 'n 18.8% styging jaar-tot-jaar. Verder het *Medupi* ook uiteindelik begin produseer - tans word daar sowat 700 MW geproduseer (*RMB*, 2015). Elektrisiteits-probleme sal volgens die Minister van Publieke Ondernemings vir die volgende 3 jaar voortduur, maar oor die algemeen word dit veel langer verwag (*FIN24,* 2015). Volgens Mike Schüssler van *Economists.co.za* benodig Suid-Afrika 'n meer gekoördineerde benadering tot die ekonomiese beleid om die ekonomie te laat groei en om nog hoër vlakke van werkloosheid te vermy.



Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 15 Mei 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R11.79 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R18.59 en die *Euro* het teen R13.42 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Internasionale koring: In die *USDA* se *World Agricultural Supply and Demand Estimates (WASDE)* vir 2015/16 word die internasionale koringvoorraad vir 2015/16 op 203.32 miljoen ton aangedui, 2.35 miljoen ton hoër as 2014/15. Diè nuutste syfer is hoër as die gemiddelde verwagting - 194.2 miljoen ton (*USDA*, 2015). Internasionale koringproduksie op 718.93 miljoen ton geskat - die tweede grootste syfer op rekord. Koringproduksie in die VSA, China, Turkeye, Marokko, Iran en Sirië sal na verwagting styg, terwyl produksie in die Europese Unie, Indië, Rusland, Oekraïene op 'n daling dui. Internasionale koringverbruik vir 2015/16 word op 716.59 miljoen ton gereken, ongeveer 1 miljoen ton hoër as in 2014/15 (*USDA,* 2015). "*Global import demand is lower with large reductions coming from Turkey, Iran, Morocco, and Syria all on greatly improved crop prospects*," noem die *USDA*. "*Exports are lower for Canada, India, the E.U., Russia and Ukraine but higher for Argentina and Australia*" (*Agrimoney*, 2015).

Suidelike Afrika: Swak weerstoestande dui op ernstige voedseltekorte in Suidelike Afrika volgens die *Verenigde Nasies se World Food Program (WFP)*. In Zimbabwe en Botswana is daar "*widespread crop failure*" a.g.v. die ondergemiddelde reënval, terwyl vloedtoetande in Malawi en Mosambiek produksie benadeel het (*Reuters,* 2015). Verder is Suid-Afrika - tradisioneel die voorsiener van graan - ook in die ergste droogte sedert 1992 gewikkel. "*The reduced maize production in South Africa will impact maize markets regionally by pushing up prices*," sê die *WFP* (*Reuters*, 2015).

Rusland: Rusland verwyder die uitvoerbelasting op koring wat in Februarie ingestel is om die prys van brood en meel in die plaaslike mark te stabiliseer (*WorldGrain*, 2015). Verhandelaars verwag 1.2 miljoen ton koring tot mid-Junie uit te voer. Rusland verwag hul totale koring uitvoere vir die seisoen op 21.9 miljoen ton (*WorldGrain*, 2015).